



NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

NWU-beleid oor besigheidskoninuiteit

Verwysingsnommer	2P_2.12.5.5
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Registrateur
Beleid eienaar	Registrateur
Verantwoordelike afdeling	Kantoor van die Registrateur
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	18 Maart 2021
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2023

NWU-BELEID OOR BESIGHEIDSKONTINUÏTEIT

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie beleid oor besigheidskontinuïteit op 18 Maart 2021 aanvaar.

1 Vertolking en Toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 Wet op Rampbestuur, 57 van 2002;
- 1.4 Die Statuut van die Noordwes-Universiteit (2017);
- 1.5 KING IV-verslag oor Korporatiewe Bestuur (in die besonder Beginsel 11 (risiko) en Beginsel 3 (Ouditkomitees)); en
- 1.6 IDO 22301 Sekuriteit en veerkragtigheid – Besigheidskontinuïteitsbestuursbeginsels – Vereistes.

2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid en verwante dokumente met betrekking tot besigheidskontinuïteitsbeplanning by die NWU –

beteken **“besigheidskontinuïteit”** die vermoë van die NWU om tydens 'n ontwrigting teen vooraf gedefinieerde kapasiteit en binne aanvaarbare tydsraamwerke voort te gaan met die lewering van produkte en dienste;

verwys die **“Besigheidskontinuïteitskomitee (BKK)”** na 'n subkomitee van die Universiteitsbestuurskomitee (UBK) wat tot stand gebring is om die UBK te adviseer oor alle aangeleenthede rakende die versekering van deurlopende besigheidskontinuïteit by die Universiteit;

verwys die **“besigheidskontinuïteitsplan (BKP)”** na die gedokumenteerde inligting wat as riglyn dien vir die NWU om te reageer op 'n ontwrigting en die lewering van produkte en dienste te hervat en te herstel in ooreenstemming met die Universiteit se besigheidskontinuïteitsdoelwitte;

verwys die **“besigheidskontinuïteitsbestuurstelsel (BKBS)”** na daardie gedeelte van die Universiteit se oorkoepelende bestuurstelsel wat uit 'n stel onderling verbonde elemente bestaan wat deur die NWU gebruik word om sy besigheidskontinuïteitsvermoëns te vestig, te implementeer, te bedryf, te monitor, te hersien, te handhaaf, en te verbeter;

verwys **“besigheidsimpakontleding”** na 'n proses van ontleding van die impak wat 'n ontwrigting op die NWU het;

beteken **“ontwrigting”** voorsiene sowel as onvoorsiene voorvalle, wat onbeplande, negatiewe afwyking tot gevolg het van die verwagte lewering van produkte en dienste in ooreenstemming met die Universiteit se doelwitte;

beteken **“impak”** die uitkoms van 'n ontwrigting wat doelwitte affekteer;

beteken **“voorval”** 'n gebeurtenis wat 'n ontwrigting, verlies, noodgeval of krisis kan uitmaak, of daartoe aanleiding kan gee;

beteken 'n **“belanghebbende party”** 'n persoon of organisasie wat 'n besluit of aktiwiteit van die NWU kan beïnvloed, daardeur beïnvloed kan word, of ervaar dat dit daardeur beïnvloed word;

verwys 'n **“missie-kritieke aktiwiteit (MKA)”** na 'n kritieke operasionele of besigheidsondersteunings-, diens- of produkverwante aktiwiteit (wat intern of ekstern verskaf word), wat die NWU in staat stel

om sy besigheidsdoelstellings te bereik, met inagneming van seisoenale tendense en kritieke tydsberekeningskwessies;

beteken **“hulpbronne”** alle bates (met inbegrip van aanleg en toerusting), mense, vaardighede, tegnologie, perseel, en voorrade en inligting (elektronies of nie-elektronies) wat die NWU beskikbaar moet hê, wanneer nodig, om te funksioneer en sy doelstellings te bereik; en

beteken **“universiteitsramp”** ’n buitengewone gebeurtenis, insluitende ’n nasionale, provinsiale of plaaslike ramp wat ingevolge die Wet op Rampbestuur(2002) verklaar is, wat die Universiteit se besigheidskontinuiteit nadelig raak en volgens diskresie van die Visekanselier en op die advies van die BKK die oprigting van ’n rampreaksie-span verg om die UBK te adviseer oor gebeurlikheidsplanne om die gevolge van die universiteitsramp tot die minimum te beperk, om voort te gaan met missie-kritieke bedrywighede en om so spoedig moontlik terug te keer na normale bedrywighede.

3 Doel en Omvang van die Beleid

3.1 Die doelwitte van hierdie beleid is –

- 3.1.1 om leiding aan die universiteitsgemeenskap te verskaf oor die erkenning van en reaksie op moontlike besigheidsbedreigings waaraan die Universiteit blootgestel kan wees; en
- 3.1.2 om ’n raamwerk te bied vir die daarstelling van ’n geïntegreerde BKP om werknemers, studente en bates te beskerm deur die voortgesette funksionering van die NWU se bedrywighede en infrastruktuur moontlik te maak na afloop van ’n beduidende ontwrigtende gebeurtenis.
- 3.1.3 Die bepalinge van hierdie beleid geld vir die werknemers van die Universiteit, alle departemente en alle besigheidsprosesseienaars.

4 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU om –

- 4.1 ’n aktiewe en volledig ondersteunende besigheidskontinuiteitsprogram en ondersteunende struktuur daar te stel om die oorlewing en volhoubaarheid van die Universiteit te verseker;
- 4.2 maatreëls in plek te stel om die bates van die Universiteit te beskerm en om kontinuiteit van sy aktiwiteite, stelsels, en prosesse te verseker;
- 4.3 die nodige kapasiteit te vestig om die Universiteit in staat te stel om sy normale bedrywighede so spoedig moontlik te hervat in geval van ontwrigting; en
- 4.4 te verseker dat die bestuur van alle besigheidsontwrigtings met ’n behoorlike kommunikasieplan gepaardgaan.

5 Bestuur van Beleid

- 5.1 Die UBK hou toesig oor die bestuur van hierdie beleid in alle tersaaklike werksaamhede van die Universiteit, en is verantwoordelik –
 - 5.1.1 vir die integrasie van die besigheidskontinuiteitbestuurstelsel-vereistes in al die Universiteits se besigheidsprosesse;
 - 5.1.2 vir die beskikbaarstelling van die nodige hulpbronne vir die implementering van ’n besigheidskontinuiteitbestuurstelsel;
 - 5.1.3 om toe te sien dat die besigheidskontinuiteitbestuurstelsel sy beoogde uitkoms(te) bereik;
 - 5.1.4 vir die skep van ’n bestuursomgewing wat bevorderlik is vir die deurlopende verbetering van besigheidskontinuiteit;
 - 5.1.5 om die toon aan te gee om aktiewe deelname aan die Besigheidskontinuiteit- en Rampherstelspanne, soos tot stand gebring deur die UBK in die besigheidsprosesomgewing, te bewerkstellig; en
 - 5.1.6 om op advies van die BKK aan die Visekanselier ’n ramp te verklaar en die rampherstelplan te aktiveer.
- 5.2 Alle besigheidsproses-eenhede, lynbestuurders en werknemers is verantwoordelik vir die bestuur van die implementering van hierdie beleid, en daar word van alle werknemers verwag om op ’n proaktiewe

manier by te dra tot die bestuursprogram vir besigheidskontinuiteit, en om te help met reaksie- en hersteloptrede na 'n krisis-, nood- of rampgebeurtenis.

5.3 Lynbestuurders moet die volgende verseker –

5.3.1 die toereikendheid en relevansie van hul onderskeie bestuursomgewings se besigheidskontinuiteitsbeplanning;

5.3.2 die bevoegdhede van hul sleutelpersoneel om planne te implementeer; en

5.3.3 deurlopende bewustheid van die Universiteit se verwagtinge m.b.t. besigheidskontinuiteit.

6 Reëls

6.1 Die UBK kan reëls maak in ooreenstemming met hierdie beleid vir die bestuur en administrasie van die NWU se besigheidskontinuiteit.

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\Policies\2021\BCP\NWU-beleid oor besigheidskontinuiteit.docm
26 April 2021

Verwysingsnommer: 2P_2.12.5.5